

Inhoud Hierdie preek wys hoe die kerklike besluit in die NG Kerk dat daar vir selfdegeslag verhoudings troues ingestel word, wat volgens die NG Kerk se Algemene sinode nooit huwelike mag wees nie, 'n selfopgemaakte instelling is wat net met 'n selfopgemaakte god geregverdig kan word. Dit wys hoe geestelikes 'n kamma-kamma wêreld skep vir kamma-kamma liefdes buite die werklikheid van die regte skepping en God se regte liefde, en dan die Bybel onduidelik verklaar om selfgeregverdig in hul selfopgemaakte wêreld te kan leef.

Skriflesing Romeine 1: 18 – 28; Efesiërs 5: 21 – 34.

Teks Efesiërs 5: 31 “Om hierdie rede sal 'n man sy vader en moeder verlaat, en hom aan sy vrou verbind – en hulle twee sal een vlees wees

Tema God verenig een man en een vrou as een vlees

1. Ek het vir u die afgelope 3 weke 3 preke gelewer uit Romeine 1 sodat ons vandag kan kan na verse 26 en 27:

“Daarom het God hulle oorgegee aan oneerbare drange, want hulle vroue het die natuurlike seksuele omgang verruil vir omgang wat teen die natuur is. Net so het mans die natuurlike omgang met die vrou laat vaar en vurig begin brand van begeerte na mekaar; mans het met mans skandelikheid bedryf en in hulself die verdiende loon vir hul afwyking ontvang.”

Wat Paulus hier beskryf word vandag “selfdegeslag verbintenisse of verhoudings” genoem.

Kom ons kyk as gemeente vanoggend saam na hierdie saak.

Wanneer ons saam daarna kyk is ons nie besig met 'n aanval op enige persoon oor 'n insident wat in die week plaasgevind het nie. U weet mos u mense partykeer met gesellighede maak! 'n Man sal voor almal luidrugtig te kere gaan oor iets wat verkeerd sou wees en terwyl hy so luidrugtig is wonder almal waarom dit nou eintlik gaan want dit pas glad nie by die geselligheid nie. Dan kom jy agter maar hy is eintlik besig om sy vrou hier in die openbaar aan te val omdat hy nie die moed het om alleen met haar persoonlik te praat nie.

Ons gaan dit nie vanoggend doen nie. Ons val niemand aan van die kansel nie want dit is lafhartig. Wanneer ons met iemand iets wil bespreek dan doen ons dit persoonlik in vertroulikheid.

Ons is ook nie besig om 'n spesifieke groep lidmate of mense vir hulle eiesoortige sondige begeertes uit te sonder en teen hulle te preek nie. Elke en alle soorte sondige begeertes is verkeerd en is voor God sonde.

Die rede hoekom ons vanoggend hierna kyk is omdat een sitting van een vergadering van die NG Kerk besluit het dat die Woord van God is oor hierdie saak “selfdegeslag verbintenisse” onduidelik en dat ons geen duidelike leiding uit die Woord van God oor hierdie saak kan kry nie. Hulle het besluit dat God geen spesifieke geopenbaarde wil het oor hierdie saak en daarom is mans wat met vrouens trou, reg, mans wat met mans trou is ook reg en vrouens wat met vrouens trou is ook reg!

Hierdie een sitting van een van die vergaderinge van die kerk het besluit omdat God oor hierdie saak “selfdegeslag verbintenisse” geen duidelike wil het nie, is daar nie 'n reg of verkeerd hieroor nie en sal God alles en almal seën.

Ons moet vanoggend hierdie besluit van die kerk aan die Woord van God toets: Is God se Woord oor selfdegeslag verhoudings onduidelik?

2. Wat is onduidelik aan verse 26 en 27 van Romeine ?

Die saak wat hier aangespreek word gaan oor mans en vrouens wat natuurlike seksuele omgang verruil vir omgang wat teen die natuur is. Kan daar oor hierdie saak wat Paulus hier stel enige onduidelikheid wees? Seksuele omgang tussen mans en mans en vrouens en vrouens, is teen natuurlike omgang!

Teen natuurlik beteken teen omgang soos God dit natuurlik gemaak het, gemaak het soos dit in die skepping van man en vrou bedoel is om te wees.

Daar kan geen onduidelikheid hieroor wees nie!

Wat is onduidelik daaraan dat Paulus selfdegeslag verhoudings hier net as 'n voorbeeld gebruik van dit wat hy beskryf as “om vol te hou om die waarheid deur ongeregtheid te probeer onderdruk.” Dit beteken hier word nie 'n ander soort sonde as ander sondes, 'n ander soort sondige begeerte as ander sondige begeertes uitgelik nie, maar hierdie sonde word as voorbeeld gebruik wat alle ander sonde en sondige begeertes toelig.

Dit gaan oor om vol te hou met sonde! Vol te hou beteken om te volhard in sonde. Volhard in sonde is heeltemal iets anders as om 'n sondige neiging te hê, wat jy as sondige neiging erken. Dit is ook iets heeltemal anders as om aan versoeking toe te gee en 'n sonde te doen, wat jy na die tyd as sonde erken en bely. Christus heilig ons met alle sondige neigings om vir God sonder smet en onberispelik te wees

sonder dat Hy hierdie neigings in ons wegvat. Net so staan alle gelowiges vir elke sonde waaraan hulle toegee, onskuldig en regverdig voor God deur Christus.

Om vol te hou met sonde beteken volgens Paulus se voorbeeld, om die waarheid van natuurlike seksuele omgang soos God dit gemaak het om natuurlik te wees, te onderdruk met die leuen dat teen natuurlike omgang, is ook natuurlike omgang!

Dit beteken om vol te hou om die leuen te leef dat selfdegeslag verhoudings en verbintenisse is ware liefde, selfdegeslag omgang is ware liefde soos God dit natuurlik gemaak en bedoel het! Wat kan hieroor in die Woord van God onduidelik wees?

3. Wat kan daaraan onduidelik in God se Woord wees volgens Romeine 1 dat om vol te hou om die waarheid van omgang tussen man en vrou te onderdruk met die leuen van omgang in selfdegeslag verhoudings is:

Goddeloos, ongeregtigheid, staan onder God se oordeel en is nie liefde nie maar is sinlose denke (1:21) uit 'n onverstandige hart (1: 21) en 'n verwerplike denkwys (1: 28) God se oordeel vir hulle wat hierin volhard is om hulle oor te gee daaraan om sonde te bly glo as liefde en só die verdiende loon vir hul volharding in sonde te ontvang. (1: 27) Om hul vernieling van mekaar as ware liefde vir mekaar te bly glo!

Wat is in hierdie aankondiging van Paulus in hierdie gedeelte enigsins onduidelik?

Wat onduidelik is, is nie God se Woord oor selfdegeslag verhoudings nie. Wat onduidelik is en hoe dit onduidelik is wys die Woord van die here weereens baie duidelik in hierdie gedeelte.

Wat alles in God se Woord onduidelik maak, is “sinlose denke”, 'n onverstandige hart en 'n verwerplike denkwys uit die sondige verstand van die mens!

Wanneer mense dit wat God as sonde openbaar, dit wat teen die natuur van die mens is, soos God die mens gemaak en bedoel het om mens te wees, verdraai en dit voorhou asof dit nie sonde nie, maar ware liefde is,

Is dit die mens se sinlose denke wat onduidelik is.,
Die mens se onverstandige hart wat alles onduidelik maak en
Die mens se verwerplike denkwys om sonde liefde te maak, wat onduidelik is!

Oor selfdegeslag verhoudings is die Woord van God in Romeine 1 nie onduidelik nie. Die mens se sinlose, verwerplike denke en onverstandige hart maak wat baie duidelik geopenbaar word deur God oor omgang tussen man en vrou onduidelik – sodat hulle met teennatuurlike seksuele omgang kan voortgaan in hul eie geloof, denke en hart dat dit natuurlik is.

4. Kom ons kyk na een voorbeeld hoe God mense oorgee aan hulle sinlose denke, onverstandige hart en verwerplike denkwyse. Die Here doen dit nooit net met een spesifieke groep mense wat een spesifieke sonde doen nie. Die voorbeeld gaan oor heteroseksuele dominees en professore! Hulle verdraai die Here se Woord in Romeine 1: 26.27 op die volgende wyse in kerklike vergaderinge! Hulle verklaar dat hierdie verse gaan nie oor liefdevolle getroue seksuele omgang tussen mans met mans en vrouens met vrouens nie. Dit gaan volgens hulle wetenskaplike en geestelike aankondigings oor lelike vuil liefdelose en trouelose rondslapery met baie mans en baie vrouens met mekaar. Dan vertel hulle jou wetenskaplik dat dit hier gaan oor die Romeinse openbare warm baddens soos ons warmbaddens by Nylstroom, maar waar mense regtig naak gaan bad het en nie met swemklere gaan swem het nie. Hulle verklaar sommer hierdie verse gaan baie duidelik oor die losbandige selfdegeslag omgang by sulke baddens. Daarom verklaar hulle gesagvol dat hierdie verse wys dat losbandige omgang van 'n man met baie mans en 'n vrou met baie vrouens is teen natuurlik! En dan daarna verklaar hulle hulle hierdie gedeelte van die Bybel tel nie meer vandag vir die die liefdevolle en troue omgang tussen net twee mans of twee vroue nie want dit is natuurlike omgang wat God vir mekaar gee en seën. En so werk hulle met elke gedeelte in die Bybel! Eers verklaar hulle hulle weet wetenskaplik en geestelik presies in watter situasie die teks van toepassing as en dan besluit hulle dit is nie meer vandag van toepassing vir wat hulle wil doen nie. Wat is duidelik in God se Woord dat wat die Here as teen natuurlike omgang openbaar gaan net oor ou warmbaddens en tel nie meer vir vandag nie? Wat totaal onduidelik is, is hulle sinlose denkwyse oor die Woord van God, hulle onverstandige hart en verwerplike denkwyse waarmee hulle God se Woord sommer van toepassing maak op selfopgemaakte verdigsels en dit dan as nie van toepassing op dit waaroor die Bybel regtig gaan, af te skryf. Heteroseksuele dominees en professore wat God oorgegee het aan hulle sinlose verwerplike denkwyse en onverstandige hart.

5. Kom ons toets hierdie verwerplike en sinlose denkwyse oor God se Woord aan die boek Romeine self!

Paulus noem spesifiek hierdie voorbeeld van selfdegeslag verhoudings, nie omdat dit vuil en losbandige rondslapery is nie, maar omdat dit deur die Grieke dit as die ware liefde tussen net twee mans en net twee vrouens vereer het in boek wat ons vandag nog kan lees.

Hoekom gebruik Paulus selfdegeslag verhoudings as voorbeeld van volharding in sonde? Dit stel hy direk na hierdie voorbeeld duidelik in 2:1. Hy stel aan die Jode wat wat geglo het, hulle leef volgens die wet van God met ware liefde vir God en hul naaste, dat wanneer hulle die Grieke vir hul selfdegeslag liefde veroordeel, hulle hul self veroordeel. Jode wat glo hulle godsdienstige liefde is reg, is volgens die Woord van god net so verkeerd soos mense wat glo selfdegeslag omgang is ware liefde.

Paulus vat sy argument verder in Rom. 2: 12 deur te stel dat Jode, net soos Grieke wat glo selfdegeslag omgang is liefde, deur God vir hul liefde wat hulle glo volgens God se wet reg is, veroordeel word. In 3: 9 trek hy dan die gevolgtrekking dat Jode wat volhard in hul oortuiging dat hul liefde vir God en mense volgens god se wet reg is, doen dieselfde sonde en sal God net soos die Grieke veroordeel word vir wat hulle glo hulle regte liefde is – selfdegeslag omgang!

In ons taal vandag beteken dit dat God oordeel geestelike mense wat glo hulle liefde vir die Here is reg want hulle leef regtig volgens God se wet reg en mense wat glo selfdegeslag omgang is ware liefde beide vir hul volharding in dieselfde sonde!

Want nie een van die twee groepe se volharding in wat hulle as hul eie ware liefde glo, is ware liefde volgens die wet van God nie. Dit is die krag van die Woord van God in Paulus se woorde! Net Christus kan jou liefde vir God reg maak deur sy vergifnis. Jy kan net so min God reg lief hê en jou geloof dat jou gehoorsaamheid regtig regte liefde is, is net so misplaas soos mense wat glo selfdegeslag omgang is natuurlike liefde.

Wie verse 26 en 27 sommeer uitmaak as losbandige rondslapery vernietig die hele bedoeling van die vergelyking tussen Jode en Grieke wie se liefde wat hulle glo regte liefde is, nie een reg is nie. Met hierdie dwaasheid van rondslapery wat nie meer vandag tel nie, maak slim geleerdes en opregte geestelikes vandag die Woord van God onduidelik met hul sinlose denke en onverstandige harte.

6. Wat doen God tussen 'n man en vrou wat God nooit tussen 2 mans en 2 vrouens doen nie?

Dit is ook glad nie onduidelik nie. Paulus haal Genesis 2: 24 direk aan en stel “Om hierdie rede sal 'n man sy vader en moeder verlaat, en hom aan sy vrou verbind – en hulle twee sal een vlees wees.” (Gal. 5: 31) Van Genesis twee af is hierdie openbaring duidelik: God maak een man en een vrou een vlees, een liggaam. Nie sommeer net een persoon, of 'n eenheid in kontrak en gesindheid nie, maar een vlees! Hierdie is nie 'n besluit soos ons trou of ons word in die huwelik bevestig nie. Hierdie is nie iets wat mense met ooreenkomste of papiere doen nie. Hierdie een vlees wees is 'n skeppingsdaad van God self.

Waar een man en een vrou hulle self in liefde vir mekaar gee om een eie tuiste, een lewe, een toekoms, een inkomste en hul liggame gee om met mekaar te deel, verenig God hulle in mekaar as husband en wife. Om in mekaar husband en wife te wees is iets anders om man en vrou te wees. 'n Man is in uit en homself ma en 'n vrou in en uit haarself vrou. Maar net 'n vrou kan 'n man in haar 'n husband maak en net 'n man kan in hom 'n vrou 'n wife maak.

Dit is die vereniging wat God in 'n man en vrou vir en met mekaar skep: Hy maak hulle in mekaar husband en wife sodat hulle in hierdie vereniging een vlees is. Een vlees waarvan die vrug een kind is! Een man, een vrou, een kind! Net een sel van die man en een sal van die vrou om een vlees, 'n kind te wees! Nie baie van die man of baie van die vrou nie, Net een! Want 'n kind kan net een pa en een ma hê!

In hierdie vereniging van man en vrou as husband en wife, bring God die man se manlikheid en die vrou se vroulikheid tot vervulling in mekaar. God verenig nooit 2 mans met mekaar of 2 vrouens met mekaar om in en vir mekaar husband en wife te wees, maak nie saak hulle mekaar se behoeftes aanvul of bevredig nie. Hulle bly altyd onverenigbaar net 'n man of net 'n vrou buite hierdie vereniging deur God.

Wat is onduidelik hieraan?

7. Wat is selfdegeslag verhoudings, verbintenisse en omgang as God mense van dieselfde geslag nooit as man en vrou een vlees, maak nie, een in mekaar as husband en wife nie?

Want dit is omgang buite die vereniging en vervulling wat God gee vir 'n man en vrou?

Die Woord van God noem hierdie vereniging tussen man en vrou om een vlees te wees – die eg! Die eg van 'n man en vrou is hulle vereniging in en met mekaar as husband en wife!

Wat noem die Bybel dit as jy hierdie eg tussen man en vrou wegvat, uitbreek en tussen ander mense gaan sit, wat nie husband en wife is nie? Dit is egbreuk! Wat noem die Bybel seksuele omgang buite hierdie eg van 'n man en vrou wat vir mekaar husband en wife is? Dit is egbreuk! Ons moet egbreuk hier nie spesifiek sien as twee mense wat teenoor mekaar ontrou is liefdeloos is nie, maar as die breek van die instelling van eg! Om buite die vereniging husband en wife omgang te hê, is egbreuk, ook al het hulle mekaar lief en is hulle trou aan mekaar as man en 'n ander vrou buite die vereniging.

Daar kan nooit volgens God se Woord onduidelikheid wees oor wat egbreuk is nie.

Nou egter het een vergadering van die NG Kerk se Algemene Sinode gekom en selfdegeslag verbintenisse en omgang as eg verklaar! Ons moet net onthou hierdie vergadering van die kerk het nou in drie sittings na mekaar elke keer weer hulle besluit verander. Watter geloofwaardigheid het hierdie vergadering nog? Hulle verklaar nou dit is egte liefde soos liefde bedoel is om liefde te wees en dit is 'n egte eenheid van liefde en trou en daarom moet hierdie eg in selfde geslag verbintenisse en omgang, ook kerklike met God se seën ingeseën word. Maar, het

dieselfde vergadering ook besluit, self geslag verbintenisse mag nooit 'n huwelik genoem word nie, al is dit eg, egte liefde, egte omgang en egte liefde en trou!

Die vergadering erken dit is en kan nooit 'n huwelik wees nie, vat die eg van hierdie huwelik en sit dit binne selfdegeslagverhoudings. Sanksioneer egbreuk amptelik en kerkregtelik as 'n verhouding van liefde en trou.

Wat is nou duidelik hieraan?

8. Ons moet hierdie duistere geloofs- en waardeooruiging van hierdie een vergadering hoor vir wat dit is! Dit gaan ons verby omdat dit só onduidelik is. Die geloofsooruiging is dat mans met mans en vrouens met vrouens mag trou. Daar kan geen ander benaming wees daarvoor nie. As jy verklaar dit is egte liefde, egte trou binne 'n lewenslange verbintenis van liefde en trou wat openlik verklaar, openlik beloop en amptelik deur die kerk in God se Naam ingeseën word, dan is dit amptelik 'n troue. Troue liefde waarin jy lewenslank jouself verbind en dit openlik verklaar en bevestig – is 'n troue!

Dit is terselfdertyd hierdie een vergadering van die kerk se duistere geloofs- en waardeooruiging dat hierdie troue nie 'n huwelik mag wees nie. Mans wat met mans en vroue wat met vroue in die huwelik bevestig word, doen sonde! Daarom mag dominees hulle trou maar nooit in die huwelik bevestig nie!

Dit is wat hierdie vergadering as 'n nuwe instelling geskep het in die Naam van God, troues wat nie huwelike is nie! Hulle het nou in die Naam van God vir God 'n nuwe instelling ontwerp wat Hy moet bewerk, instand hou en seën – kerklike troues wat nie huwelike is nie.

Maak dit vir enige mens enige sin? Die Here bring hulle as twee mans in ware liefde bymekaar, verbind hulle in 'n egte eenheid net met mekaar lewenslank waarin hulle omgang met mekaar die bedoeling van God in hulle lewe is, maar hulle mag nooit glo dat dit 'n huwelik is want dan soen hulle sonde! God gee vir hulle 'n egte ware liefdevolle eenheid wat nie 'n huwelik is nie! God het nou twee verskillende instellings geskep – deur die kerk!

Wie is onduidelik? Hierdie een kerkvergadering het verklaar dat hulle hierdie duidelike besluit neem omdat die Bybel onduidelik is! Duidelik besluit dat God 'n eenheid tussen mans of vrouens instel en inseeën wat nie 'n vereniging is of mag wees nie. As God 'n eenheid skep tussen mans of vrouens wat 'n eenheid is waarin Hy hulle nie verenig nie, wat is dit?

Niemand weet nie! Ook nie hulle wat die duidelike besluit geneem het en toe verklaar het hulle moes hierdie duidelike besluit neem omdat God se Woord onduidelik is!

9. Wat wys Romeine 1 ons is hierdie besluit van hierdie kerkvergadering?

Dit is 'n sinlose denkwysie! Hierdie vergadering is met 'n sinlose denkwysie besig wanneer hulle verklaar dat God het 'n eenheid vir mans of vrouens met mekaar waarin hulle liefde lewenslank eg en trou is, maar God hulle nie met mekaar verenig nie! Die Bybel is nie hieroor onduidelik nie! Dit is hierdie vergadering se denkwysie wat sinloos is, en waaraan God hulle oorgegee het.

Dit is 'n besluit uit 'n onverstandige hart! Die Bybel is nie onduidelik oor selfdegeslag verhoudings wat mense vir hulle self as ware liefde fantaseer en uitelef nie! Om 'n besluit te neem dat God mans en vrouens in hierdie verbintenis lei met egte ware liefde wat Hy in hul harte vir mekaar gee, lewenslank, maar God hulle uit 'n huwelik uitsluit, kom uit die duistere onverstandige hart van die vergadering, nie uit 'n liefdevolle, begripvolle verstandige hart nie!

Die besluit van die vergadering kom uit 'n verwerplike denkwysie waarin God die God is wat een man met een vrou een maak, maar dieselfde God kamstig 'n ander instelling geskep het waarin mans met mans een kan wees sonder om deur God verenig te wees.

Hoe kan 'n kerkvergadering hierdie duisternis oor God se Woord bring dat God skielik sommer vir die eerste keer van die skepping af, nou 'n nuwe instelling geskep het vir mans om met mans te trou en vrouens met vrouens, maar Hy is nog steeds die god wat net een man en een vrou een maak.

Net op een manier – deur 'n nuwe God te skep, 'n afgod! God is die god van die huwelik en hierdie nuwe afgod is die god van troues! Dit is hierdie afgod wat die Bybel vir hierdie kerkvergadering onduidelik gemaak het. Want hy is die god van kamma-kammaland en nie die Here van die regte wêreld nie.

Kamma-kamma god vir elkeen wat doen net wat hy wil in kamma-kammaland, kamma-kamma een, eg. Liefdevol, getroud en man en man vir mekaar soos 'n man en vrou, waar alles net kamma-kamma is omdat niks regtig reg is nie maar net is soos elkeen dit wil hê. Hierdie kamma-kammaland en god het God en sy Woord vir hierdie vergadering verduister – Hy het hulle daarin oorgegee.

10. Die Here Jesus is God van die regte wêreld en die regte lewe. Hy is nie God van kamma-kamma land nie. Die Here laat dit regtig reën, nie kamma-kamma nie, plante regtig groei, die aarde regtig om sy eie en die son draai, sonnestelsels en galaksies regtig draai en beweeg, nie kamma-kamma nie. die skepping kan nooit kamma-kamma land wees nie.

Hy is regtig God in die regte skepping. Hy doen reg en laat ons die regte lewe in sy regte skepping leef. Die regte lewe wat Hy ons laat leef is nie reg omdat ons reg doen nie. Dit is hoe die Jode probeer reg leef, maar dan maak hulle sommer hulle eie geestelike wette op wat hulle reg doen, omdat hulle nie die regte wette reg kan doen nie.

Hulle eie wette waarmee hulle weer 'n eie liefde opmaak – Jood! Net Christus laat ons reg leef, nie deur reg te doen nie, maar deur ons in te sluit in alles wat Hy vir ons reg gedoen en reg geleef het om dít met ons te deel. Niemand, met enige neiging kan reg leef deur reg te doen. Ons leef reg en doen reg uit ons eenheid met Christus waarin Hy ons reg maak en ons lewe reg laat wees, met al ons sondes. Daarom kan ons só met regte liefde in die regte skepping leef, al sukkel ons daarmee en kry ons dit baie min self reg. Hy heilig en regverdig ons gebroke liefde as volkome liefde.

Só bly ons ingesluit en verbind tot regte liefde volgens God se regte wet, in die regte lewe in die regte skepping! Elkeen van ons met elke soort verkeerde neiging, terwyl ons baie keer in sonde val en weer opstaan.

Só verlos die Here ons uit die kamma-kamma liefde van 'n kamma-kamma god in kamma-kamma land.

11. Wat maak ons met hierdie sondige besluit van een van die kerk se kerkvergaderings?

Dit is baie eenvoudig! Die vraag is wie gaan ons lei: hierdie een verwronge besluit van een kerkvergadering of die Heilige Gees? Wie volg ons: die Heilige Gees deur sy Woord of kerkvergaderings met hulle besluite?

Dit was die deurbraak al reeds in die Reformasie! Die Woord van God is duidelik in die openbaring van God se liefde en hoe ons moet lief hê! Daarom het die gelowiges in die Reformasie nie meer na Pouslike en keiserlike wette geluister wat hulle sommer self opgemaak het om hul eie kamma-kamma land te skep nie.

Wat maak 'n mens met een besluit van een vergadering van die kerk wat duidelik besluit dat sonde liefde is en liefde net nog 'n manier is waarop elkeen doen wat hy begeer? Moet ons nog 'n nuwe kerkorganisasie gaan stig? Nog 'n kerkorganisasie wat omdat dit 'n menslike organisasie is weer hul eie sondige besluite sal kan en gaan neem?

In die Reformasie was daar nooit 'n nuwe kerk gestig nie. Hulle het kerk Reformeer deur nie meer die selfgemaakte wette en regulasies van Pouslike of keiserlike wette te volg nie. Hul het volgens die Woord van God deur die leiding van die Gees gevolg en hierdie wette en regulasies net dood geleef.

Net aangehou om die regte liefde vir alla mense te gee, in die regte wêreld, reggemaak deur die regte Here! Hulle het kamma-kamma land net dood geleef met die regte lewe, in regte liefde saam met die Here wie regtig God is.

Kan 250 mense vir 1 Miljoen gelowiges besluit die Bybel is nou vir julle onduidelik en nou leef julle volgens ons duidelike sondige besluit? Wie gaan hierna luister? En dit is hoe ons hierdie dwaasheid dood leef – deur regte liefde vir almal, in die regte wêreld omdat die regte Here ons vir sy liefde reg gemaak het.

Kom ons leef in ons liefde net verby hierdie kamma-kamma land van hierdie kamma liefde van hierdie kamma-kamma god!